



Ligdraer

Gereformeerde Kerk Ontdekkers

6 Oktober 2019

Oggenddiens 9H30

Aanddiens 18H00

Hartlik welkom aan elkeen vanoggend by ons ontmoeting met die Here

Ons, as bruidskerk van Christus, verkondig Christus deur
die diepgaande kennis van die Skrif en die Belydenisgeskrifte



Ons nooi almal
vriendelik uit om
na afloop van die
erediens saam met
ons "warmbrakke"
in die saal oor 'n
koppie tee/koffie

te geniet. Donasies ten bate van
Reddersburg Kinderhuis.

Kleuterbediening tydens
oggenddiens:

Al ons maatjies (3 – 7 jaar)

*baie geluk aan almal wat
gedurende die maand verjaar.*



Bybelstudie:

Maandae: 19H00

Dinsdae 9H00: **Aan huis van Lucia
Erasmus**

Woensdae: 8H30

Donderdae: 9H00

Jong volwassenes: Evert & Cherése

Kleynhans

Kontakbesonderhede van Ontdekkersgemeente:

Skakel ons!

011 672 3810



Stuur e-pos!



info@ontdekkers.org.za



www.ontdekkers.org.za

Besoek ons webbladsy

"LIKE" & "SHARE"

Gereformeerde Kerk Ontdekkers

Selfoonnommer: 060 342 3316

Ek val vandag met die deur in die huis, want daar is na so lekker blaaskansie baie nuusbrokkies, maar eers moet ons ons skoliere, veral die matriekleerlinge, studente en almal wat moet voorberei vir die komende eksamens baie sterkte toewens. Daar is nou net een weg en dit is om jou koppie te laat sak en hard te studeer, want harde werk word beloon. **BAIE STERKTE!**

Hierdie **brief van dank** is deur die hoof van Reddersburg Kinderhuis aan al die lidmate van die GK Ontdekkers gerig.

Geagte Susters en Lidmate

BYDRAE vir JANET DU PLOOY- UITREIK

Baie dankie vir die handdoeke en geskenke vir ons kinders vir bogenoemde projek. Janet en haar span is jare al by ons kinderhuis betrokke en sou dit nie kon volhou sonder donateurs soos u nie. Dankie vir u liefde en omgee vir ons kinders.

Die kort September vakansie is verby en nou is dit weer 'skouer aan die wiel sit' vir die laaste trek na die einde van die jaar. Gelukkig is die matriekafskeid van die een matriekleerling agter die rug en kan sy fokus op die eind-eksamen. Ons prysuitdelingsfunksies vind oor twee aande plaas en dis vir ons altyd lekker om te sien hoe ons kinders presteer. Ook dit is 'n groot Genade.

Nogmaals baie dankie vir die oop hande en harte. Mag u ook die Here se seën ryklik ervaar.

Kinderhuisgroete

DANIE NOËTH

HOOF

Dink asseblief in julle gebede aan:

- ❖ Pieter van Zyl wat nog baie siek is.
- ❖ Bets de Klerk wat in die hospitaal is.
- ❖ Anna Trichardt wat na 'n operasie in Rosepark Hospitaal in Bloemfontein aansterk.
- ❖ Dit is met leedwese dat ons verneem het van die afsterwe van Stephanie du Plessis se skoonseun, Ferdie Zeelie, ons innige simpatie aan die familie en ons gebede is dat die Here vertroosting sal bring.

- Christus voer vandag sy sending deur sy Heilige Gees en sy kerk uit. Om kerk van Christus te wees, beteken om saam met Christus op sending te wees. Die naweek van die **11-13 Oktober 2019** gaan ons op hierdie uiters belangrike aspek van **kerkwees** fokus. Enigiemand is welkom om die **seminaar** by te woon. Die program en inligting is by die deure en op die kennisgewingbord in die saal beskikbaar. Gee asseblief die getalle aan Mockie in die kerkkantoor deur. By voorbaat dankie.
- Die Riviertoeer vind vanaf Sondag 1 Desember tot Woensdag 4 Desember by die Udolpho Kampterrein (Parys) op die oewers van die Vaalrivier plaas. Koste beloop R 900 /hoërskool leerling. Verblyf en etes is ingesluit, maar nie die vervoer tot by die kampterrein nie. Indien daar lidmate is wat 'n leerling of leerlinge kan borg of met vervoer na en van die kampterrein kan help sal ons dit baie waardeer. Plaas die duidelik gemerkte koevert in die bussies by die deure of dit kan by die kantoor afgegee word. Daar is slegs plek 50 seuns en 50 meisies, dus moet jy gou spring om jou plekkie te bespreek!
- Die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika gee jaarliks 'n ALMANAK met al die GK in Suid-Afrika se besonderhede, sowel as 'n dagstukkies vir elke dag van die jaar uit. Die ALMANAK kan bestel word teen R 86 /eksemplaar. Kontant met bestelling moet voor 31 Oktober 2019 by Mockie in die kerkkantoor geplaas word. Geen ekstra boeke word bestel nie.
- Die dames van die gemeente het 'n whatsapp groepie, maar dit is nie na die kerk se selfoon nie, Tank is die admin en indien jy graag op die groepie wil wees stuur asseblief jou nommer na: 083 419 0101. Baie reëlins word so na al die dames gekommunikeer. By voorbaat dankie.
- Neem solank kennis dat die Sustersaamtrek op 7 Maart 2020 plaasvind. Meer inligting sal later volg.
- Indien jy graag wil hê dat ons as gemeente voorbidding vir jou of vir iemand moet doen, jy hoef nie sy naam te gee nie die Here sal weet, kan jy 'n whatsapp na die kerk se selfoonnommer stuur. Woensdae berei Cherése Kleynhans die versoeke voor. Baie dankie Cherése ons waardeer wat jy doen.
- Die diakonie hou 'n witolifantverkope op Saterdag, 2 November 2019. Die fondse word aangewend vir die lopende uitgawes van die diakonie. Hierdie is die geleentheid waar jy van al die witolifante in jou huis ontslae kan raak.

Die liefdevolleverhoudingsgroepie wil boereworsrolle verkoop en indien daar dames en broers is wat met die voorbereidings en verkope daarvan kan help kontak Henk Kruger. Skenkings soos broodrolletjies, botter en souse is welkom. Indien daar iemand is wat weet waar gehalte wors teen 'n billike prys aangekoop kan word kontak asseblief vir Henk Kruger by henk.kruger@axxess.co.za

➤ Marius en Mieke Boshoff verkoop heerlike filter koffie en soet koekies by die langnaweekverkeerslig op pad Krugersdorp toe. Bestellings vir soetkoekies (500g en/of 1kg) kan ook geplaas word. Kontakbesonderhede: 079 697 2944

➤ Hallo almal, ons het hulp nodig. Ons afvoer sisteem is in sy kanon en dit gaan baie geld kos om reg te maak, wat ons nie nou kan bekostig nie.

Ons is verby net oopmaak dit sal moet oop gegrawe word.

Dus wil ek vra of julle groot asseblief kan help deur gebruik te maak van my haarkapper vaardighede sodat ek kan werk om die bedrag te mag verdien.

Haarsny R 140 pensioenaris R110

Blaas/set R140 pensioenaris R110

Kleur R 250 vir kort hare

Perm R 250

H/L kort hare half kop R 300 vol kop R450

H/L met cap R140

Vir verdere navrae kontak my Antoinette 084 585 7055.

Verder graveer ek op glase. Jy kan jou eie glas bring en sê wat jy daarop wil hê, vir R50. As ek 'n glas verskaf is dit R 70.

Sheldon en ek graveer ook op hout. As jy die stuk hout verskaf is dit R 100 en as ons die hout verskaf hang dit af van die aankoop prys maar gemiddeld van R 100 per stuk ekstra.

Foto's is beskikbaar van wat ons tot dusver gedoen het.

By voorbaat baie dankie.

Sheldon en Antoinette van Niekerk



Van “alles verloor” gepraat- wanneer het jy regtig alles

verloor? – deur Stephan Joubert

“Hier gaan jy nog alles verloor.” Sulke opmerkings is deesdae nogal gewild in Suid Afrika. Moet egter nie vir een oomblik dink dit is net Suid Afrika wat onveilig is nie. Die res van die wêreld is ook uiters gevaarlik. Jy staan ’n groot kans om hier, maar ook daar alles te verloor. Regtig! Dit is nie ’n grap nie. Jesus sê self so. In Markus 8:34-37 praat Hy padlangs eerlik as Hy sê iewers langs die pad gaan ons elkeen ons lewe verloor. Daarom moet ons betyds een lewensbelangrike keuse maak- ons moet besluit wanneer, en vir wie gaan ons dit verloor. Want ons gaan verseker sterf, almal van ons. Maar genadiglik is daar een opsie, een kans om ’n baie goeie lewe en dood te hê, een met ’n goeie ewige afloop. Dit is wanneer ons kies om ons lewe hier en nou vir Jesus te verloor.

Jesus roep ons op om ons kruis op te tel en Hom te volg. Dan het ons klaar alles verloor - vir Hom. Dan kan die lewe ons niks meer doen nie. Maar as ons nie ons lewe vir Hom verloor nie, gaan ons regtig alles verloor. Dan gaan ons, ons siel verloor- of ons nou hier bly, of elders. En dit is ’n reuse verlies. Dit is ewige skade. So het jy al alles verloor- vir Jesus, bedoel ek?



OGGENDDIENS

TEMA: Die KERK: Vissers van mense!

Stemmingsliedere

Ps. 36:2&3
Lied 577:1&2&5

Ontmoetingsdiens

Votum / Seëngroet
Ps. 47-2:1&2
Geloofsbelydenis: Apostolicum

Versoeningsdiens

1 Petrus 4:7-11
Lied 239:2&3

Woorddiens

Gebed
Ps. 67:1&2
Skriflesing: Matteus 13:47-50
Fokusvers: Matteus 13:47-50

Antwoorddiens

Gebed
Lied 488:1&4&5
Groetseën
AMEN

AANDDIENS

TEMA: God het my in Christus voor die skepping uitverkies om sy kind te wees!

Stemmingsliedere

Lied 207:1&2
Ps. 33:6&7&10
Ps. 45:1&2&6

Ontmoetingsdiens

Votum / Seëngroet
Ps. 89:2&11
Lied 162:1&3

Woorddiens

Gebed
Skriflesing: Romeine 9:1-18
Fokusvers: Efesiërs 1:3

Antwoorddiens

Gebed
Ps. 116-2:5&6&7
Groetseën
AMEN
Lied 563:1&3&4